

18 Februarie 2014

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:1-2 en 18-20
Fokusgedeelte: Efesiërs 5:20

Dankbaarheid – deur die Heilige Gees gewerk

'n Christen is iemand wie se lewe totaal verander het. Die ou, sondige mens is dood en die nuwe mens het opgestaan. Daarom moet die gelowige ophou om te lewe soos die ou mens. Sy gees en gedagtes moet nuut word en hy moet al hoe meer lewe soos die nuwe mens wat na die beeld van God geskape is (Ef. 4:22-24).

Om God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus te dank, is deel van die nuwe lewe. Dit pas by die gelowige wat al meer na die beeld van God herskep is.

Altyd? In alles? Dit is tog onmoontlik. Ja, dit is inderdaad onmoontlik. Soos ook al die ander opdragte in die gedeelte, is dit onmoontlik vir die ou mens wat nie die verlossing in Jesus Christus en die vernuwing van die Gees ontvang het nie, om altyd in alles dankbaar te wees.

Daarom is die dankbaarheid in die Naam van die Here, Jesus Christus. Hy is die middelpunt van ons dankbaarheid. Sonder Hom kan ons nooit en vir niks dankbaar wees nie. In sy Naam kan ons altyd en in alles dankbaar wees. Bo alles is ons dankbaar omdat God in Hom ons Vader geword het.

Verder is die opdrag tot dankbaarheid deel van vier aktiewe deelwoorde wat voortvloei uit die opdrag om met die Gees van God vervuld te lewe. Die nuutgemaakte gelowige, wat onder leiding van die Heilige Gees lewe, sal naamlik wees: singende, pratende DANKENDE en onderwerpene (vs 19-21)

Hierdie dankbaarheid word net deur die Heilige Gees gewerk. Dankbare mense sal net wees waar hulle die vervulling en die leiding van die Heilige Gees soek.

Mag die kragtige werking van die Heilige Gees ons en die kerk waarvan ons deel is só vervul dat ons leefwyse deur dankbaarheid gekenmerk sal word.

Psalm 116:6, 7 (2001)

Ds HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom-Die Bult)